

LOUIS TREGARDT SE PLAAS IN GCALEKALAND

J C Visagie
Universiteit van Stellenbosch

SUMMARY

Louis Tregardt's farm in Gcalekaland

Before finally striking out for the far north-east, the Voortrekker leader Louis Tregardt spent about a year (1834 – 1835) in Gcalekaland, outside the Cape Colony. Until now, historians have been unable to pinpoint precisely where Tregardt and other Afrikaner frontier farmers actually lived. On the evidence inter alia of place names in the present Transkei and of a hitherto unconsidered sketch map, this article purports to establish that Tregardt and at least a number of other families were living in an area some 30 to 40 km long and about 5 km wide between the Tsakana and Ndwana Rivers, along the eastern banks of the Indwe.

Dis bekend dat Louis Tregardt en ongeveer 30 gesinne in die eerste helfte van 1834 die Kaapkolonie se grens oorgesteek en in Gcalekaland gaan woon het. Volgens Karel Tregardt se "Herinneringen" het hulle 'n stuk grond van ongeveer 12 000 morg by Hintsa gehuur. Streng volgens Karel se geheue sou 'n mens moet glo dat hy en sy vader en vyf ander gesinne op dié stuk grond geboer het. Aangesien dit bewys kan word dat heelwat meer gesinne in die omgewing gevestig het, moet 'n mens aanvaar dat die oppervlakte van hierdie blanke nedersetting in totaal heelwat groter was en dat die 12 000 morg slegs op Tregardt en enkele ander gesinne betrekking het.¹

Die streek ter sprake het later in die negentiende eeu as "Emigrant Tembuland" bekend gestaan. Ongeveer vyftig jaar na Tregardt en sy mense die streek verlaat het, het dit steeds 'n besondere bekoring vir blanke boere gehad. Die Kaapse regering het bv. in die jare tagtig van die 19de eeu die grootste moeite ondervind om blanke plakkers daar uit te hou. Een amptenaar het in 1883 aan John X. Merriman in Kaapstad getelegrafeer: "The first question I am always asked by squatters is under what Government is this country? What answer am I to give? If I say Imperial, they say they are all right, as the Imperial can or will not do anything. If I say Colonial, they say 'That is all right, then it is ours'.² Sulke argumente was genoeg om 'n klaarblyklik reeds verwarde amptenaar grys hare te besorg! In hierdie studie gaan dit egter om 'n benaderde vasstelling van die streek waar Tregardt en die ander gesinne hulle gevestig het.

Die historikus sir George Cory het hom op verskeie plekke in sy *The Rise of South*

Karel Trichardt: Herinneringen (G. Preller, red.: *Voortrekkerense II*, pp. 5–6). Argivale bronne in onderstaande verwysings word met die volgende afkortings aangedui en berus almal in die Kaapse Staatsargiefbewaarplek: CO, 1/AY, M, J, LG en VC.

2. G55-'83 Papers and Correspondence relating to the late removal of squatters from Emigrant Tembuland (Cape Town, 1883): Copy of telegram from Hemming, Queen's Town to Hon. J.X. Merriman, Cape Town, 13/3/1883, p. 29.

Africa uitgelaat oor waar Louis Tregardt in Gcalekaland sou gewoon het nadat hy in 1834 sy plase in die Kaapkolonie verkoop het. 'n Mens moet dadelik byvoeg dat dit Cory tot eer strek dat hy in sy breed opgesette taak nog so dikwels aandag aan fyner besonderhede gegee het. Hy deel ons mee dat Tregardt en 'n klompie ander gesinne by 'n plek genaamd Lubisi gaan woon het. Volgens Cory is dit teenswoordig ongeveer vier myl noord van Southeyville of ongeveer 16 myl noord van die sendingstasie St. Marks in Thembuland geleë. In dié onmiddellike omgewing is daar teenswoordig ook 'n berg wat Trichardskop genoem word, aldus Cory.

Cory het eweneens probeer vasstel waar die Amevarivier is waarna in amptelike dokumente verwys word as synde 'n rivier waar Tregardt, en 'n rukkie later ook Hintsa, gewoon het. In 'n voetnoot meld hy dat dié rivier “teenswoordig” (1925) heeltemal onbekend is en dat dit waarskynlik 'n klein sytak van die Tsomo was, genaamd die Nququ.³ Hoewel Cory nie bronneverwysings verskaf nie, getuig sy nagelate persoonlike korrespondensie in die Cory Library daarvan dat hy in die tien jaar voor die verskyning van sy werk druk besig was om besonderhede oor Tregardt se woonplek te versamel.⁴

Tydgenootlike amptelike dokumente oor Tregardt se woonplek in die destydse Gcalekaland is besonder vaag, maar gee tog 'n algemene aanduiding na die streek waarop 'n mens jou navorsing kan rig. Kapt. A B Armstrong wat Tregardt se slawe ter plaatse gekonfiskeer het en dus eerstehands en akkuraat hieroor kon berig, verwys slegs vaagweg na “several farms along the Swart Kaye.”⁵ Tregardt se weggeloopte slaaf, Phillis, beskryf die woonplek as “about three hours distance (sic!) on horseback, on the Witte Key River, in Kafirland”. Van die ander boere, voeg hy by, woon *oorkant* die Wit-Keirivier.⁶

Die reeds gemelde herinneringe van Karel Tregardt, seun van Louis, wat op hoë ouderdom opgeteken is, bevat 'n effense nadere aanduiding. Volgens hom was die grond wat hulle van Hintsa gehuur het aan die Wit-Kei en naby die Tsomoberg geleë.⁷

Op 9 Julie 1834 het 'n Afrikanergrensboer, J C Müller, 'n brief aan Tregardt in Gcalekaland geskryf. Die skrif is nie baie duidelik nie, maar dis tog uit te maak dat hy die brief aan Tregardt *aan die Amevarivier* gerig het. Self gee Tregardt egter sy adres aan as die Indwerivier.⁸

Cory het destyds blykbaar nie oor Muller en Tregardt se briewe beskik nie, maar kon tog uit ander stukke aflei dat Tregardt se woonplek aan die “Amevarivier” was.⁹ Op navraag van Cory in 1919 het die resident-magistraat van Cofimvaba geantwoord dat 'n Amevarivier onbekend is, “but I am informed that the country round about what is now St. Mark's Mission was at one time called “Ameva” on account of the number of Mimosa or thorn bushes growing there.”¹⁰ Die Xhosa-woord “Ameva”

-
3. G.E. Cory: *The Rise of South Africa IV*, p. 3; Kyk ook dieselfde werk, II, pp. 461–463 en III, pp. 257–258, 269.
 4. MS 1579: Canon Wyche — G.E. Cory, 9/7/1915; MS 1581: Resident Magistrate, Cofimvaba — G.E. Cory, 7/1/1919 (Cory Library, Rhodes University, Grahamstown).
 5. CO 434 Letters Received from Military and Naval Officers: A.B. Armstrong — H. Somerset, 9/11/1834 (ingesluit by H. Somerset — Koloniale Sekretaris, 14/11/1834, no. 21).
 6. CO 2749 Letters Received from Civil Commissioner, Albany and Somerset: Verklaring van Phillis (of Phielis), Grahamstad, 10/9/1834 (ingesluit by D. Campbell — Waarn. Kol. Sekr., 12/9/1834, no. 100).
 7. Karel Trichardt: Herinneringen (G. Preller, red.: *Voortrekkermentse II*, p. 5.
 8. 1/AY 8/85 Ontvange Stukke van Diverse Private Persone en Liggame: J.C. Muller — L. Trigart, 9/7/1834 ongepagineerd en L. Tregardt — D. Campbell, 4/11/1834, ongepagineerd.
 9. G.E. Cory: *The Rise of South Africa IV*, p. 3 (voetnoot).
 10. MS 1581 Resident Magistrate, Cofimvaba — G.E. Cory, 7/1/1919 (Cory Library).

beteken inderdaad “dorings”. Tydens 'n besoek in Februarie 1979 aan hierdie streek het die plate soetdorings juis opgeval, hoewel dit ook verder noord langs die Indwe aangetref word.

'n Kaart van ongeveer 1836 dui een van die bolope van die Wit-Kei as die Amevarivier aan. Dit is kennelik die teenswoordige Indwerivier, maar dit wil voorkom asof die naam veral op een van die westelike sytakke van lg. rivier betrekking het. Die woord Indwe word glad nie op die kaart vermeld nie, hoewel Tregardt reeds in 1834 sy adres só aangee. Blykbaar wou die kartograaf van hierdie kaart te kenne gee dat die Ameva 'n westelike boloop van die Indwe is, maar dat hy toe per abuis die naam Indwe nie ingeskryf het nie. Of dit die kartograaf se oogmerk was, weet ons natuurlik nie.¹¹ Wat wel vasstaan én die afleiding ondersteun, is dat die westelike boloop van die Indwe teenswoordig as die Doringrivier bekend is en dat dit hoogs waarskynlik 'n verafrikaansing van Ameva is.¹²

Nieteenstaande bogenoemde het dit tog uit verdere navorsing geblyk dat die vasstelling van die Amevarivier of -streek steeds 'n vae aanduiding van Tregardt se woonplek is. 'n Mens kan bv. nie loskom van die moontlikheid dat die hele stroomgebied van die Indwe dalk as die “Ameva country” bekend was nie.

Na die deurgaan van talle tydgenootlike kaarte moes tot die gevolgtrekking gekom word dat Tregardt se plaas in Gcalekaland naby die Indwerivier nie onder kartograwe se aandag gekom het nie of volgens hul mening nie insluiting geregverdig het nie.

Die enigste ooglopende neerslag wat Tregardt se verblyf langs die Indwe op enkele vroeë kaarte gevind het, was die berg of te wel kop by Southeyville wat “Trikarots Hill” genoem is. Hierdie naam is byvoorbeeld op kaarte van onderskeidelik 1877 en 1883 aangetref, hoewel dit nogal heelwat verbeelding verg om “Trikarots Hill” met “Tregardt” in verband te bring.¹³ So vroeg as 1882, en miskien nog vroeër, word die “Trikarots Hill” op manuskripkaarte ook soms as “Lubizi” aangedui.¹⁴ Distrikskaarte van ná 1900 tot ongeveer 1934 toon hierdie kop meestal as “Lubizi” aan,¹⁵ terwyl topo-kadastrale kaarte van 1960–1971 dit na “Trichardtskop” verander het.¹⁶ Op onlangse uitgawes van die topo-reeks (1:50 000) is dié naam weer eens na “Lubizi” verander.¹⁷

Op soek na iets heel anders in ongeveer 1977, nl. in korrespondensie van die Britse resident in Sarhili se gebied wat handel oor gebeure in 1851, is afgekomen op 'n rowwe sketskaart wat ingesluit was by 'n brief, gedateer “Butterworth Residency 27th March 1851.” Eintlik was dit “a Sketch showing the present positions of the Hotten-

J. Arrowsmith: Cape of Good Hope, ongeveer 1836. Hierdie kaart is onder andere in die J.S. Gericke-biblioteek, Universiteit van Stellenbosch, te vinde. Die oostelike helfte is gepubliseer in C.F.J. Muller: *Die Oorsprong van die Groot Trek* (agter) en ook op die agterste buiteblad van J.S. Bergh en J.C. Visagie: *The Eastern Cape Frontier Zone 1660–1980: A Cartographic Guide for Historical Research* (Durban, 1985).

Suid-Afrika 1:250 000 Topo-kadastrale Vel 3126 Queenstown (Pretoria, 1971).


M 2/439 Outline Map of the Transkeian Territory. Copied from original map compiled by Major Colley and Inspector Grant F.A.M.P. (Supplement to the *Cape Argus*, 30/10/1877); Kyk ook kaart sonder titel in G55-'83 Papers and Correspondence ... Emigrant Tembuland, Cape Town, 1883, p. 68.


Vgl. bv. CO 4523 Tembuland Commission, Papers and Correspondence not published: Sketskaart, ongedateer, ingesluit by W.G. Cumming — Secretary, Tembuland Commission, 27/11/1882.


Byvoorbeeld M 3/193 Map of the Transkeian Territories 1912 (Revised 1934).

Suid-Afrika 1: 250 000 Topo-kadastrale Vel 3126 Queenstown, 1960 (herdruk, Pretoria, 1971).

17. Suid-Afrika 1: 50 000 Topo-kadastrale Vel 3127CD Qamata, 1977.







Oorblyfsels van groot veekrane langs die Indwerivier tussen Askeaton en Southeyville, Transkei. Dit is waarskynlik deur blanke veeboere gebou nadat Tregardt dié streek verlaat het.

(FOTO DEUR SKRYWER, FEB. 1979)



Die Indwerivier naby Southeyville, Transkei.

(FOTO DEUR SKRYWER, FEB. 1979)



'n Bergstroompie wat naby Southeyville in die Lubisidam vloei.

(FOTO DEUR SKRYWER, FEB. 1979)



Die Lubisidam in die Indwerivier, Transkei.

(FOTO DEUR SKRYWER, FEB. 1979)

tots[,] Rili people and the Temboes who are in daily communication with each other", maar dit bevat ook die verrassende aanduiding van "Lowis Tregardt's old place" langs die oostelike oewer van die Indwe en tussen die Tsakana ("Intsakana")- en Ndwana ("Indwana")-rivier.¹⁸

Uit 'n oorgetekende weergawe van die sketskaart hiernaas, sal gesien word dat Tregardt se woonplek redelik naby die oostelike oewer van die Ndwana ingeteken is. Dit wil ook voorkom of die woonplek nie ver van die mond van die Ndwana geleë was nie. Dis dadelik ooglopend dat dié skaalverwronde kaart minstens die soektog na die gebied waar Tregardt gewoon het, veel nouer getrek het as enige ander kontemporêre dokument of getuienis wat tot dusver opgespoor is.

Dit is vandag nie so algemeen bekend nie dat swartmense van verskillende stamme in Suid-Afrika in die 19de eeu soms plekke, berge en riviere na blankes wat daar gewoon het, vernoem het. By die Drakensberg byvoorbeeld, is daar 'n sekere fontein waar Tregardt se geselskap 'n geruime tyd vertoef het. Volgens dr. W H J Punt is hierdie fontein later deur swartmense na Tregardt vernoem, nl. "Lebesefontein".¹⁹ Dit is 'n kenmerk van hierdie soort naamgewing dat die plek, of wat ook al, dikwels na die voornaam van die betrokke persoon vernoem is. "Lebesefontein" is dus 'n vervorming van die naam Louis wat in daardie jare (en selfs nog vandag) dikwels as Lewies of Lowies uitgespreek is.

Juis 'n soortgelyke gebruik by naamgewing onder Xhosasprekendes in die negentiende eeu het heelwat interessante aanduidings na Tregardt se plaas voorsien. 'n Woordeboek is nie eintlik 'n bron wat geraadpleeg word as 'n mens historiese inligting soek nie, maar in dié geval het Kropf en Godfrey se *A Kafir-English Dictionary* (Lovedale, 1915) 'n aangename verrassing opgelewer. In 'n bylaag oor plekname word onder meer die volgende gegee:

"ulu-BISI, A tributary of the Indwe river called after a Dutch farmer, Lewis, who lived there, and is said to have left at the inroad of the Fecani in 1828; with him were Isaac and Sybrandt, who gave names to the Tsakana and Seplan rivers." Onder die inskrywings "u-SEPLAN" en "u-TSAKANA" word dan soortgelyke inligting herhaal.²⁰ Dat Lubisi en Seplan 'n vervorming van Lowies en Sybrand is, word ook gestaaf deur ongepubliseerde inligting deur Cory ingewin.²¹ Op die kaarte by hierdie artikel sal gesien word dat die riviertjies Lubisi, Seplan en Tsakana redelik naby mekaar is en daar was geen rede om die bewering dat die Tsakana na Isak heet, te wantrou nie.

Die volgende logiese stap was om vas te stel of daar wel 'n Sybrand en 'n Isak saam met Tregardt aan die Indwe gewoon het. Van die sendeling Ayliff se aantekeninge weet ons dat hy die groepie Afrikanerboere saam met Tregardt op sowat 30 gesinne geskat het.²² Hy het helaas nie die ander persone geïdentifiseer nie. Tregardt se slaaf het egter op 10 September 1834 in Grahamstad getuig: "There are other farmers from the Colony residing on the other side of the Witte Kai River near my master, — their names are Adriaan De Lange and his four sons (Adriaan De Lange, Hans de Lange, Robert De Lange and Gert De Lange) also Frans van Aardt, Hans

18. LG 683 Letters Received from British Resident with Kreli's Tribe: Sketskaart, 23/3/1851 (ingesluit by W.R.D. Fynn — Secretary to His Excellency the Governor, 27/3/1851) p. 130.

19. W.H.J. Punt: *Louis Trichardt se Laaste Skof*, p. 86 (Pretoria, 1953).

20. A. Kropf (edited by R. Godfrey): *A Kafir-English Dictionary*, pp. 497, 506—507.

21. Kyk bronne in voetnoot 4.

22. MS 15292 John Ayliff's Scrap Book: Emigration of the Boers, n.d., n.p. (Cory Library).

Van der Merwe and Sybrand van Dyk. There are other persons there whose names I do not know, but I think there are thirty families there altogether."²³

Uit die "Herinneringen" van Karel Tregardt weet ons nog dat Lodewijk Botha, Jacobus Hamman, Jacobus Grobler en Reinier Grobler eweneens onder die "dertig gesinne" getel kan word.²⁴ Aangesien die volle voorname van bogenoemde persone van belang kon wees, is die tydrowende taak aangepak om die persone genealogies te identifiseer. Hierna kon die volgende lysie van gesinshoofde saamgestel word:

1. Louis Tregardt (b2c4), gebore 10/8/1783, gedoop (~) Drakenstein 10/4/1785, getroud (X) Graaff-reinet 4/11/1810 Martha Elisabeth Susanna Bouwer.²⁵
2. Carolus Johannes (Karel) Tregardt (b2c4d1), geb. 3/9/1811, X Grahamstad 18/6/1831 Hendrina Cornelia Bouwer.²⁶
3. Adriaan de Lange (b10), ~ 8/3/1773, X 11/4/1790 Maria Susanna Venter, XX 15/11/1795 Gesina Nel.²⁷
4. Johan Hendrik (Hans Dons) de Lange (b10c2), ~ 8/12/1799, X Graaff-Reinet 26/1/1817 Catharina Cornelia Lombard (b3c3d6e5), ~ 16/9/1798.²⁸
5. Adriaan Jacobus de Lange (b10c3, maar nie Adriaan *Gustaaf* soos in De Villiers se *Geslagsregisters* genoem nie) geb. 1/10/1801, ~ 25/11/1801, X Uitenhage 9/1/1820 Elisabeth Johanna Engelbrecht.²⁹
6. Robertus Burnet (of Brunet) de Lange (b10c5), ~ 27/4/1806, X Somerset (-Oos) 3/12/1826 Engela Margaretha Lombard (b3c3d7e11), ~ 4/3/1810.³⁰
7. Gerhardus (Gert) Broekhuysen de Lange (b3c8), ~ 10/4/1814.³¹
8. Frans Johannes van Aardt (alb2c7d3) ~ 31/1/1779, X 21/10/1798 Susanna Wilhelmina Tregardt (b2c2) geb. 21/4/1780. 'n Ouer suster van Louis Tregardt.³²
9. Johannes (Hans) Frederik van der Merwe (b2c5d4e1f6), ~ 8/11/1798, X met sy niggie Helena Catharina van der Merwe (b2c5d4e2f3), ~ 27/10/1788.³³
10. Sybrand van Dyk (alb5c4d2), ~ 23/3/1784, X Helena Susanna van der Merwe (b2c5d4e1f5), ~ 9/10/1785. Sy was dus 'n suster van Hans van der Merwe hierbo en gevolglik was Hans en Sybrand swaers.³⁴
11. Frans Johannes van Dyk (alb5c4d3), geb. 1787, X Graaff-Reinet 10/5/1807 Anna Catharina de Lange (b3c5), ~ 4/6/1780. Hy was 'n broer van Sybrand en sy 'n broerskind van Adriaan de Lange.³⁵

23. CO 2749 Letters Received from Civil Commissioner, Albany and Somerset: Verklaring van Phillis, 10/9/1834 (ingesluit by D. Campbell — Waarn. Kol. Sekr., 12/9/1834, no. 100) ongepagineerd.

24. Karel Trichardt: Herinneringen (G. Preller, red.: *Voortrekkerense II*, p. 6).

25. C.C. de Villiers: *Geslagsregisters van die Ou Kaapse Families* (hersien en aangevul deur C. Pama), III, p. 995 (Kaapstad, 1966).

26. *Ibid.*, p. 995.

27. *Ibid.*, II, p. 460.

28. *Ibid.*, II, pp. 460, 484; VC 684 Huwelikregister, Graaff-Reinet 1806—1839, 26/1/1817, p. 59; VC 673 Doopregister, Graaff-Reinet 1792—1805, 8/12/1799.

29. C.C. de Villiers: *Geslagsregisters II*, p. 460.

30. *Ibid.*

31. *Ibid.*

32. *Ibid.*, I, p. 1, en III, p. 994.

33. *Ibid.*, II, p. 558.

34. *Ibid.*, I, p. 184; J.H. van Dyk: *Geslagsregister van die Broers Joost en Burgert van Dyk*, pp. 13, 51.

35. J.H. van Dyk: *Geslagsregister ...*, pp. 13, 91; J4 Opgaafrol, Albany, Visrivier 1825, p. 7. Frans Johannes van Dyk word by die lys ingesluit, maar afgesien van die aangehaalde werk van J.H. van Dyk en 'n brief in CO 8480 (F.J. van Dyk — B. D'Urban, 2 (of 26) Mei 1835, ongepagineerd) waarin 'n indirekte afleiding gemaak kan word, is daar nie 'n tydgenootlike bron wat pertinent aantoon dat hy by die groep gewoon het nie.

12. Ernst Adriaan Lodewyk Botha, X 20/3/1831 Helena Johanna Francina van Dyk (alb5c4d2e4) geb. 23/1/1813, d.w.s. skoonseun en dogter van Sybrand van Dyk hierbo.³⁶
13. Jacobus (Johannes?) Hamman (waarskynlik b5c1), ~ 16/11/1788, X Alberdina Magdalena Smit (?).³⁷
14. Michael Jacobus Grobler (b6c11d1), geb. 25/4/1807, ~ Swellendam 12/3/1808, X Susanna Zacharia van Dyk (alb5c4d2e2), geb. 27/5/1809, ~ Graaff-Reinet 26/12/1809, ook 'n skoonseun en dogter van Sybrand van Dyk hierbo.³⁸
15. Reynier Nicolaas Johannes Grobler (b6c11d2), geb. 19/12/1809, ~ Swellendam 26/11/1810, X Zacharia Maria van Dyk (alb5c4d2e6), geb. 27/11/1817, ~ Graaff-Reinet 11/4/1818. Hy was 'n broer van bogenoemde en soos hieruit gesien kan word was hulle met twee susters getroud, albei dogters van Sybrand van Dyk hierbo.^{39,6}

Bogenoemde identifikasie stel 'n mens in staat om die hegte familiebande tussen die gesinne met 'n oogopslag te bespeur. Insgelyks is dit nou duidelik waarom hierdie mense bymekaar aan die Indwe gewoon het. Aangesien die lys nie oral die verband tussen die Tregardts, De Langes en Van Dyks blootlê nie, kan genoem word dat een van die belangrike saambindende faktore tussen hierdie gesinne die feit is dat hulle voorheen bure in die Kolonie was.⁴⁰

Eweneens verklap bostaande lysie die persoon na wie die Seplanrivier vernoem is. Dit was natuurlik die ou patriarg Sybrand van Dyk wat met sy swaer en drie skoonseuns klaarblyklik in die omgewing van die Seplanrivier langs die Indwe grondhuurders was. Vandag is daar ook 'n kop en gehuggie met die naam "Seplan", 'n vervorming van "Sybrand."⁴¹

Nog twee persone oor wie ons sekerheid het dat hulle naby Tregardt in Gcalekaland gewoon het, was Stephanus de Beer en P G Jordaan.⁴² Die naamlys kan dus soos volg aangevul word:

16. Stephanus de Beer.⁴² Weens die onvolledigheid van die De Beer-stamregister is dit tans nie moontlik om hom genealogies te identifiseer nie. Blykbaar het daar ook 'n m.a. de Beer⁴³ gewoon, asook een of meer gesinne De Klerk.⁴⁴
17. Pieter Georg Jordaan (uitgelaat in De Villiers se *Geslagsregister*, maar sy

36. J.H. van Dyk: *Geslagsregister* ..., p. 86.

37. C.C. de Villiers: *Geslagsregister* I, p. 280. Identifikasie onseker.

38. J.H. van Dyk, *op. cit.*, p. 86; C.L. Grobler: *Die Eerste Vyf Geslagte Groblers en Grobbelaars in Suid-Afrika*, p. 37 (Potchefstroom, geen datum).

39. J.H. van Dyk, *op. cit.*, p. 91; C.L. Grobler, *op. cit.*, p. 37.

40. Onder meer word dit in die Opgaafrolle bevestig. Vgl. J4 Opgaafrol, Albany, Visrivier 1825, p. 7; J182 Opgaafrol, Somerset, wyke Bo-Boesmansrivier en Oos-Rietrivier.

41. Suid-Afrika 1:250 000 Topo-kadastrale Vel 3126 Queenstown.

42. CO 434 Letters Received from Military and Naval Officers: Names of Slaves Captured by a Detachment of the Cape Mounted Riflemen under the Command of Captain Armstrong beyond the boundary of the Colony and up to 9th Nov. 1834 (ingesluit by A.B. Armstrong — H. Somerset, 9/11/1834, wat dit op sy beurt weer aangeheg het by 'n dekbrief aan die Kol. Sekr., 14/11/1834, no. 121).

43. CO 4905 Letters Despatched, Civil: John Bell — Civil Commissioner for Albany and Somerset, 14/11/1834, p. 418.

44. Vgl. J.A. Heese: *Slagtersnek en sy Mense*, p. 120 (Kaapstad en Johannesburg, 1973).

genealogiese plek is waarskynlik b1c5d6e3), X Isabella Cornelia Potgieter (b6c8d6e5), ~ 1/5/1803. Jordaan was 'n redelik welgestelde boer van die Tarka, wat heelwat grond besit het, maar wat weens die droogte in die jare 1830–1835 telkens die grens op soek na beter weiveld⁴⁵ moes oorsteek.

Met die hulp van die genealogie en kennis oor vriendskappe sou 'n mens nog heelwat oor die identiteit van die ander gesinne in Gcalekaland kon spekulêr. Die vraag wat egter nog beantwoord moet word, is: Aan watter Isak het die Tsakanarivier sy naam te danke? Nie een van bostaande persone het 'n voornaam Isak nie. 'n Verdere speurtog in hierdie families se stamlyste en die betrokke kerkregisters het 'n persoon opgelewer wat bes moontlik die regte Isak was. Hy word dus as nr. 18 by die lys gevoeg:

18. Izaak Zirke Lombard (b3c3d6e6), ~ 4/11/1804, X Susara Petronella de Lange (b3c3d11), ~ 5/8/1810.⁴⁶ Hyself teken sy naam as Isak Sirk Lombard. Lombard het 'n sterk verbintenis met die De Langes gehad. Hy was nl. 'n swaer van Hans Dons de Lange. Sy vrou hierbo genoem, Susara Petronella de Lange, was 'n kleindogter van Adriaan se broer.

Op die keper beskou, dui die betroubaarste gegewens daarop dat die stuk grond wat Tregardt en 'n groepie Afrikanerboere in 1834 van die Gcaleka-opperhoof, Hintsa, gehuur het, ongeveer tussen die Tsakana- en Ndwanarivier geleë was. Die feit dat die takriviertjies Lubisi, Seplan en Tsakana onderskeidelik na Louis Tregardt, Sybrand van Dyk en Isak Lombard (vermoedelik) vernoem is, regverdig die afleiding dat minstens hierdie drie boere in dié streek gewoon het. Die bogenoemde sketskaart wat Tregardt effens verder noord aan die Ndwanarivier aantoon, is steeds in ooreenstemming met dié bevinding veral as in ag geneem word dat dit 'n skaalverwronde weergawe van die gebied is. Teenswoordig vloei die Lubisiriviertjie in die Lubisidam wat in die Indwerivier gebou is. 'n Landbouvoorligtingsbeampte van Dordrecht, mnr. Schoeman, het my in 1977 na die omgewing van die Lubisidam in Transkei vergesel en die mening uitgespreek dat die gebied wat vandag deur die water van die groot Lubisidam oorspoel word, 'n uitstekende weidingsgebied moes gewees het.

'n Verdere aanduiding van die bruikbaarheid van die stuk grond wat Tregardt gehuur het, is opgeteken deur eerwaarde James Read sr., wat in die omgewing wes van die Indwe 'n sendingpos by Freemanton gehad het. Ná 'n uitbreiding van die Kolonie se oosgrens in die laat jare veertig van die negentiende eeu, skryf hy op 6 April 1849 soos volg aan die Siviele Kommissie van Victoria: "I hope you will excuse the liberty I take in expressing my regret at your having decided in making the Indwe river the boundary of the Colony instead of Zuurberg before seeing the whole with your own eyes. In the first place you have shut out and given to Creli (Sarhili) one of the finest fountains (Triggert's place) and several other inferior, but good ones." Die gesogte fontein op Tregardt se ou woonplek word in 'n volgende paragraaf weer beklemtoon. Eweneens laat Read die aap uit die mou as hy opmerk: "We wish to have a Station (sendingstasie) at Triggert's."⁴⁷

45. Dieselfde bron as by voetnoot 42; J182 Opgaafrol, Somerset, Tarka 1825, no. 47; CO 4365 Arrear Correspondence, Miscellaneous: Verklaring voor D. Campbell, 17/6/1834, ongepagineerd; CO 4379 Arrear Memorials, A-L: P.G. Jordaan — B. D'Urban, 25/6/1835, no. 112.

46. C.C. de Villiers: *Geslagsregisters II*, pp. 460, 484.

47. LG 667 Papers from Various Sources ...: Extract from a letter from Rev. J. Read to the Civil Commissioner of Victoria, dated 6th April 1849 (ingesluit by "Remarks upon the Memorial of Rev. J. Read, dated 17 January 1853, n.d.") pp. 220–221.

Op soek na hierdie sterk fontein in 1977, het 'n handelaar by Askeaton, mnr. M Baxter, my meegedeel dat hy vermoed dat Tregardt se ou woonplek op "Kalipa se plaas" was. "Kalipa Farm" is op die Noordgrens van die distrik Xalanga en net wes van die bloop of oorsprong van die Ndwanarivier geleë. Mnr. Baxter het voorts die mening gehuldig dat die sterk fontein of stroom waarna Read verwys het, waarskynlik die "Maqanda" is.

Selfs hierdie inligting is nie noodwendig teenstrydig met wat vantevore reeds gesê is nie. Die ongeveer 30 veeboere sou vanselfsprekend oor 'n redelike groot gebied tussen die Tsakana- en Ndwanarivier moes versprei om voldoende weiveld vir hul vee te verseker.

Tregardt en minstens sommige van die "dertig gesinne" het dus in 1834 'n lang smal gebied van ongeveer 30 tot 40 km lank en naasteby vyf km breed tussen die Tsakana- en Ndwanarivier aan die oostelike oewer van die Indwe bewoon.